Karel Schoeman

Karel Schoeman was ’n geskiedenis-**ghoeroe** en die **bekroonde** skrywer van nagenoeg 55 gepubliseerde werke. Hy is as ’n **stilis** beskryf, met ander woorde ’n skrywer met ’n goeie styl. Hy het veral op **romans** en geskiedenisboeke gekonsentreer, maar het ook reisverhale en TV-tekste (draaiboeke) geskryf.

Sy boeke is in vele tale vertaal, onder meer Duits, Frans en Russies. Hy is ook een van min Suid-Afrikaanse skrywers wat met ’n staatspresidentstoekenning bekroon is.

Kom ontmoet Karel Schoeman, wat in 1939 gebore is en tot 2017 geleef het, en wie se werk vandag nog voortleef. Hy het in 1999 ’n Orde vir Voortreflike Diens van wyle pres. Nelson Mandela ontvang en is drie keer met die Hertzogprys vir **prosa** asook talle ander belangrike **literêre** pryse bekroon. Die Universiteit van Kaapstad het hom in 2000 met ’n **eredoktorsgraad** vereer en die Universiteit van die Vrystaat vier jaar later. [1]

Grootwordjare en studies

Karel is as Tromp Schoeman op 26 Oktober 1939 in ’n hotel op Trompsburg in die Vrystaat gebore. Daar is nie baie inligting oor sy pa beskikbaar nie, maar ons weet wel dat sy pa ’n **handelsreisiger** was. Sy ma was ’n Nederlander en haar **nooiensvan** was Van Rooijen. Familiename was in daardie jare gebruiklik, maar sy ma wou nie vir hom een gee nie en het hom Tromp genoem. Hy het egter regdeur sy lewe dié naam **verpes** en het homself Karel begin noem. Hy het as universiteitstudent sy naam amptelik na Karel verander. [2]

Sy ma het hom met Nederlands as sy moedertaal grootgemaak, Afrikaans as sy tweede taal en Engels as sy derde taal.

Sy ouers is geskei toe hy drie jaar oud was en hy en sy ma het na die dorp Paarl in die Wes-Kaap getrek. Hy het nooit weer sy pa gesien nie. Schoeman het in Paarl

by Laerskool W.A. Joubert skoolgegaan en het in 1956 aan die Hoër Jongenskool matrikuleer.

Schoeman en sy ma het in 1975 na Bloemfontein verhuis en hy het daar aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat begin studeer. Hy het in 1959 ‘n BA-graad met Engels, Afrikaans en Nederlands as hoofvakke behaal.

Hoewel hy as kind in die NG kerk was, het hy baie in die Rooms-Katolieke Kerk belanggestel en is ook op universiteit in die Katolieke Kerk gedoop. Hy wou in ’n stadium selfs ’n **monnik** geword het en is in 1961 na Ierland om daar opgelei te word. Hy was drie jaar lank by die **Franciskaanse seminarium**, maar het besluit dat dit nie die regte roeping vir hom was nie en het na Suid-Afrika teruggekeer. Hy het in Bloemfontein verder studeer en het ’n hoër diploma in biblioteekkunde verwerf.

Die hoofgebou van die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein.

Loopbaan en sterfte

Daarna het hy vir ’n rukkie as vertaler in Johannesburg gewerk, waarna hy weer na die buiteland gereis het – hierdie keer na Amsterdam in Nederland. Hy het by ’n biblioteek in Amsterdam gewerk en daarna vir ’n ruk lank op verskillende plekke in Europa gewoon en gewerk.

Hy het met sy terugkeer na Suid-Afrika ’n pos as vertaler in Pretoria gekry, maar daarna weer na Bloemfontein teruggekeer om as **boekkeurder** by die Vrystaatse Provinsiale Biblioteekdiens te werk. Hy het egter in 1982 ’n pos as navorser by die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad aanvaar en het in die pos gebly tot hy in 1999 na sy geboortedorp, Trompsburg, getrek het. [2]

Die laaste keer wat hy verhuis het, was in September 2008 toe hy na die Noorderbloem-aftreeoord in Bloemfontein verhuis het. Hy is ook by die aftreeoord oorlede toe hy op 1 Mei 2017 na bewering selfdood gepleeg het. Hoewel die nadoodse ondersoek nie kon bepaal dat dit beslis selfdood was nie, het hy vroeër daardie jaar ’n brief aan sy prokureur gestuur om hom van sy besluit in te lig.

Hy het daarin geskryf dat hy besluit het om sy eie lewe te neem deur “vrywillig

van die gebruik van voedsel en drank af te sien en die lewe deur ’n proses van sogenaamde versterwing te beëindig, wat in die praktyk op **dehidrasie** neerkom”. Schoeman het in die brief geskryf dat hy weet dat hy nie baie oud wil word nie en dat hy daarom besluit het om sy lewe “betyds te beëindig of in elk geval probéér beëindig”.

Skryfwerk en toekennings

Schoeman het van jongs af van skryf gehou en het gereeld artikels vir die skooljaarblaaie geskryf. Sy eerste ongepubliseerde boeke was in Nederlands en Engels, maar hy het vanaf sy vroeë twintigerjare hoofsaaklik in Afrikaans geskryf.

Sy eerste boek, *Veldslag*, is in 1965 gepubliseer. Sy volgende boeke was *By fakkellig*, *’n Lug vol wolke* en *Spiraal* waarvoor hy in 1970 ’n Hertzogprys vir prosa gewen het. Hy het in 1972 die CNA-prys vir sy boek, *Na die geliefde land*, gewen. Hy het in 1986 die Hertzogprys en die W.A. Hofmeyr-prys vir *’n Ander land* gewen. In 1995 het hy nóg ’n Hertzogprys vir *Hierdie lewe* gewen en twee jaar later, is hy met die Stals-prys vir Kultuurgeskiedenis bekroon.

Schoeman het ook die Recht Malan-prys vier keer gewen. Dit was vir *Vrystaatse erfenis* (1983), *Dogter van Sion* (1998) en *Armosyn van die Kaap* (2002). Die Universiteit van Kaapstad het in 2000 ’n eredoktorsgraad aan hom toegeken vir sy uitstaande bydrae tot die letterkunde en geskiedenis en hy is in 2004 ook met ’n eredoktorsgraad van die Universiteit van die Vrystaat vereer.

Hy is in 2004, saam met André P. Brink en Toek Blignaut, met die Suid-Afrikaanse Letterkundetoekenning vir hul lewensbydrae tot die Suid-Afrikaanse letterkunde vereer.

Schoeman het nie graag onderhoude toegestaan nie en het ook glo nie van groot groepe mense gehou nie. Sy **uitgewer** het gewoonlik sy bedankingstoespraak by toekenningsaande voorgelees, maar die skrywer het wel in 1998 ’n uitsondering gemaak om ’n toekenning te ontvang. Dit was toe wyle oudpres. Nelson Mandela die Orde van Ikhamanga aan hom oorhandig het. Schoeman het dié toekenning as

“’n besondere eer vir die Afrikaanse taal” bestempel.

Daar is ook van sy werk vir TV verfilm, soos sy sketse *Die jare*, *Besoek* en *Die somerpaleis*. Schoeman het in 1990 die SAUK-prys vir die televisiedrama *Op die grens* gewen.

Schoeman se **outobiografie**, *Die laaste Afrikaanse boek*, is in 2003 met die Recht Malan-prys bekroon. Ander pryse wat hy gewen het, is onder andere twee Louis Hiemstra-pryse vir niefiksie, die M-Net-prys vir *Verkenning* en die Prix du Meilleur Livre Etranger-prys vir die beste buitelandse roman in Frankryk vir die vertaling van *Hierdie lewe*. [3]

Geskiedenisskrywer

Schoeman was ’n geskiedeniskenner wat glo ’n enorme hoeveelheid inligting kon onthou. Hy het ’n groot bydrae tot ons land se erfenis met die skryf van sy boeke gelewer. Hy het onder andere boeke soos *Bloemfontein: die ontstaan van ’n stad 1846-1946*, *Vrystaatse erfenis*, *Boukunsskatte van die Vrystaat* en *Bloemfontein in beeld 1860-1910* geskryf. Hy was ook die redakteur van die Vrijstatia-reeks oor die 19de-eeuse Vrystaatse geskiedenis en het ’n paar boeke oor sendinggeskiedenis, die vroeë lewe in die Kaap, en **biografieë** (soos oor Olive Schreiner, *Olive Schreiner: ’n Lewe in Suid-Afrika 1851-1881)* geskryf.

Schoeman se skryfwerk

Naam	Literêre vorm	Publikasiedatum	Uitgewer
Veldslag	**Novelle**	1965, 1971, 1977	Kaapstad: Human & Rousseau
Die hart van die son	Roman	1965, 1968, 1976, 1986	Kaapstad: Human & Rousseau
Van my kontrei	**Kortkuns**	1938, 1948, 1949	Kaapstad: Nasionale Pers

By fakkellig	Roman	1966, 1970, 1972, 1991	Kaapstad: Human & Rousseau
Berig uit die vreemde: ’n Ierse dagboek	Reisverhaal	1966	Kaapstad: Human & Rousseau
’n Lug vol helder wolke	Roman	1967, 1973, 1993, 1995	Kaapstad: Human & Rousseau
Van ’n verre eiland: ’n tweede Ierse dagboek	Reisverhaal	1968	Kaapstad: Human & Rousseau
Spiraal	Roman	1968, 1971, 1983	Kaapstad: Human & Rousseau
Lig in die donker	Roman	1969, 1974, 1988	Kaapstad: Human & Rousseau
Op ’n eiland	Roman	1971, 1975, 2009	Kaapstad: Human & Rousseau
Na die geliefde land	Roman	1972, 1982, 1988, 1994, 2007	Kaapstad: Human & Rousseau
Eroica	Biografiese roman	1973, 1977	Kaapstad: Human & Rousseau
Helde van die Rooi Tak: die saga van Cucullin en die veeroof van Culne	**Legendes**	1973	Kaapstad: Human & Rousseau
Die noorderlig	Roman	1975	Kaapstad: Human & Rousseau
Gode, helde en konings	Middeleeuse Ierse kortverhaal	1975	Kaapstad: Human & Rousseau
Besoek	**Televisiedraaiboek**	1975	Kaapstad: Human & Rousseau
Die somerpaleis	Televisiedraaiboek	1975	Kaapstad: Human & Rousseau

Om te sterwe	Roman	1976	Kaapstad: Human & Rousseau
Finn en sy mense: die avonture van Fianna van Ierland	Legende	1976	Kaapstad: Human & Rousseau
Die jare	Televisiedraaiboek	1976	Kaapstad: Human & Rousseau
Afrika	Roman	1977	Kaapstad: Human & Rousseau
Koninkryk in die Noorde: 'n boek oor Skotland	Reisverhaal	1977	Kaapstad: Human & Rousseau
Onderweg: reisherinnerings	Reisverhaal	1978	Kaapstad: Human & Rousseau
Die walskonings	Roman	1978	Kaapstad: Human & Rousseau
Die hemeltuin	Roman	1979 1982 1991	Kaapstad: Human & Rousseau
Bloemfontein: die ontstaan van 'n stad 1846-1946	Geskiedenis	1980	Kaapstad: Human & Rousseau
Die reisiger	Roman	1980	Kaapstad: Human & Rousseau
Waar ek gelukkig was	Roman	1981	Kaapstad: Human & Rousseau
Vrystaatse erfenis: bouwerk en geboue in die 19de eeu	Geskiedenis	1982	Kaapstad: Human & Rousseau
Die dood van 'n Engelsman: die Cox-moorde van 1856 en die vroeë jare van die Oranje-Vrystaat	Geskiedenis Biografie	1982	Kaapstad: Human & Rousseau
In liefde en trou: die lewe van president M.T. Steyn en mevrou Tibbie Steyn met 'n keuse uit hulle korrespondensie	Biografie	1983	Kaapstad: Human & Rousseau

'n Ander land	Roman	1984, 2006	Kaapstad: Human & Rousseau
Boukunsskatte van die Vrystaat = Free State Heritage	Geskiedenis	1985	Roodepoort: CUM
Die wêreld van die digter: 'n boek oor Sutherland en die Roggeveld ter ere van NP Van Wyk Louw	Biografie	1986	Kaapstad: Human & Rousseau
Bloemfontein in beeld 1860-1910: Portrait of Bloemfontein 1860-1910	Geskiedenis	1987	Kaapstad: Human & Rousseau
Olive Schreiner: 'n lewe in Suid-Afrika 1855-1881	Biografie	1989	Kaapstad: Human & Rousseau
Veldslag	Televisiedraaiboek	1989	Kaapstad: Human & Rousseau
Afskeid en vertrek	Roman	1990	Kaapstad: Human & Rousseau
Only an anguish to live here: Olive Schreiner and the Anglo-Boer War 1899–1902	Geskiedkundige biografie	1992	Kaapstad: Human & Rousseau
Hierdie lewe	Roman	1993, 2003	Kaapstad: Human & Rousseau
Die kort sendingloopbaan van Sophia Burgmann, 1805-1812	Biografie	1994	Kaapstad: Human & Rousseau
Irma Stern: The Early Years 1894-1933	Biografie	1994	Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek
Die uur van die engel	Roman	1995	Kaapstad: Human & Rousseau
Die wêreld van Susanna Smit 1799-1863	Geskiedkundige biografie	1995	Kaapstad: Human & Rousseau
Die moord op Hesje van der Merwe, 19 Oktober 1837	Geskiedkundige biografie	1995	Kaapstad: Human & Rousseau

A Thorn Bush that Grows in The Path: The Missionary Career of Ann Hamilton, 1815-1823	Biografie	1995	Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek
The Face of The Country: A South African Family Album 1860-1910	Foto-album	1996	Kaapstad: Human & Rousseau
Verkenning	Roman	1996	Kaapstad: Human & Rousseau
J.J. Kicherer en die vroeë sending, 1799-1806	Geskiedenis	1996	Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek
Dogter van Sion: Machtelt Smit en die 18de-eeuse samelewing aan die Kaap, 1749-1799	Geskiedenis	1997	Kaapstad: Human & Rousseau
Verliesfontein	Roman	1998	Kaapstad: Human & Rousseau
Merksteen: 'n dubbelbiografie	Biografie	1998	Kaapstad: Human & Rousseau
Armosyn van die Kaap: voorspel tot vestiging, 1415-1651	Geskiedenis	1999, 2005	Kaapstad: Human & Rousseau
Stamland: 'n reis deur Nederland	Reisverhaal	1999	Kaapstad: Human & Rousseau
Armosyn van die Kaap: die wêreld van 'n slavin 1652-1733	Geskiedenis	2001	Kaapstad: Human & Rousseau
Die laaste Afrikaanse boek	Outobiografiese aantekeninge	2002	Kaapstad: Human & Rousseau
The Griqua Captaincy of Philippolis, 1826-1861	Geskiedenis	2002	Pretoria: Protea Boekhuis
'n Duitser aan die Kaap: die lewe en loopbaan van Hendrik Schoeman	Biografie	2004	Pretoria: Protea Boekhuis
The Early Mission in South Africa, 1799-1819 Die vroeë sending in Suid-Afrika, 1799-1819	Kerkgeskiedenis	2005	Pretoria: Protea Boekhuis

Kinders van die Kompanjie: Kaapse lewens uit die sewentiende eeu	Kaapse geskiedenis	2006	Pretoria: Protea Boekhuis
Early Slavery at the Cape of Good Hope, 1652-1717	Geskiedenis	2007	Pretoria: Protea Boekhuis
Patrisiërs en prinse: die Europese samelewing en die stigting van ’n kolonie aan die Kaap, 1619-1715	Geskiedenis	2008	Pretoria: Protea Boekhuis
Seven Khoi Lives: Cape Biographies of The Seventeenth century	Geskiedenis	2009	Pretoria: Protea Boekhuis
Handelsryk in die Ooste: die wêreld van die VOC, 1619-1688	Geskiedenis	2009	Pretoria: Protea Boekhuis
Titaan: ’n roman oor die lewe van Michelangelo Buonarroti	Biografiese roman	2009	Kaapstad: Human & Rousseau
Kolonie aan die Kaap: Jan van Riebeeck en die vestiging van die eerste blankes, 1652-1662	Geskiedenis	2010	Pretoria: Protea Boekhuis
Burgers en amptenare: die vroeë ontwikkeling van die kolonie aan die Kaap, 1662-1679	Geskiedenis	2011	Pretoria: Protea Boekhuis
Cape Lives of the Eighteenth century	Geskiedenis	2011	Pretoria: Protea Boekhuis
Riviereland: twee besoeke aan Nederland	Reisverhaal	2011	Pretoria: Protea Boekhuis
Here en Boere: die kolonie aan die Kaap onder die Van der Stels, 1679-1712	Geskiedenis	2013	Pretoria: Protea Boekhuis
Portrait of A Slave Society: The Cape of Good Hope, 1717-1795	Geskiedenis	2013	Pretoria: Protea Boekhuis
Twee Kaapse lewens: Henricus en Aletta Beck en die samelewing van hul tyd, 1702-1755	Geskiedenis	2013	Pretoria: Protea Boekhuis
Deelstad: ’n boek oor Berlyn	Reisverhaal	2013	Pretoria: Protea Boekhuis

Hoogty: die opbloei van ’n koloniale kultuur aan die Kaap, 1751-1779	Geskiedenis	2014	Pretoria: Protea Boekhuis
Die vrou wat alleen bly: twee draaiboeke	Draaiboek	2015	Pretoria: Protea Boekhuis
Imperiale somer: Suid-Afrika tussen oorlog en unie, 1902-1910	Geskiedenis	2015	Pretoria: Protea Boekhuis
Swanesang: die einde van die Kompanjiestyd aan die Kaap, 1771-1795	Geskiedenis	2016	Pretoria: Protea Boekhuis

Woordbank

bekroonde	Iemand wie se werk ’n prys/medalje ontvang het.
boekkeurder	Persoon wat verantwoordelik is vir die lees van manuskripte wat vir publikasie oorweeg word.
biografieë	Die geskiedenis van iemand se lewe wat beskryf word; lewensbeskrywing.
dehidrasie	Ontwatering.
draaiboek	Manuskrip met handleiding en gegewens vir die maak van ’n rolprent of televisiereeks.
eredoktorsgraad	’n Mens kry ’n eredoktorsgraad vir uitsonderlike prestasies, maar jy hoef nie ’n eksamen af te lê nie.
Franciskaanse	Die term “Franciskaans” verwys na volgelinge van drie ordes binne die Katolieke Kerk wat deur Franciscus van Assisi gestig is.
ghoeroe	’n Kenner.
handelsreisiger	Iemand wat reis om kliënte vir ’n maatskappy te werf.
kortkuns	Alle kort prosawerke soos die kortverhaal, kortkortverhaal of prosa, skets, prosagedig en essay.

legendes	Verhale wat deur oorlewering van geslag tot geslag vertel word.
literêre	Wat met literatuur/letterkunde verband hou.
monnik	Dit is ’n man wat hom aan die wêreld onttrek en hom saam met ander in ’n klooster heeltemal aan die godsdiens wy.
nooiensvan	’n Vrou se van voordat sy trou en haar man se van begin gebruik.
novelle	Kort prosaverhaal wat langer as ’n kortverhaal, maar korter as ’n roman is.
oeuvre	Al die werke van ’n skrywer.
outobiografie	Storie wat iemand self oor sy/haar lewe geskryf het.
prosa	Geskrewe taalgebruik, veral as letterkundige genre.
romans	Lang prosaverhale met karakteruitbeelding en omgewingsbeskrywing.
seminarium	’n Kweekskool (opleidingsentrum) vir predikante.
stilis	Dis ’n skrywer met ’n goeie styl.
swetterjoel	Baie.
televisiedraaiboek	Manuskrip met handleiding en gegewens vir die maak van ’n televisieprogram of -reeks.
uitgewer	Iemand wat boeke laat druk en versprei
verpes	Om nie van iets te hou nie.

Lees dié artikels om meer te leer

- **Schoeman, die stil grensverskuiwer**
- **Eerste Helgaard Steyn-prys vir Afrikaanse Letterkunde aan Schoeman toegeken**
- **Schoeman se indrukwekkende lys werke**

Kyk dié video’s om meer te wete te kom

Hulde aan Schoeman

Lokprent van *Promised Land*